

12de Sondag na Trinitatis Markus 7, 31ff
Nelspruit, 23 August 2015

³¹. Jesus is weer uit die gebied van Tirus weg en deur Sidon na die See van Galilea toe in die gebied van Dekapolis. ³². Die mense bring toe 'n dowe man wat ook 'n spraakgebrek het na Hom toe en vra Hom om tog sy hand op hom te lê. ³³. Hy het hom eers eenkant toe gevat, weg van die mense af. Toe het Hy sy vingers in die man se ore gesteek en spoeg aan sy tong gesmeer. ³⁴. Daarna het Hy na die hemel toe opgekyk, gesug en vir hom gesê: "Effata!" Dit beteken: Gaan oop! ³⁵. Sy ore het dadelik oopgegaan, die belemmering van sy spraak het verdwyn, en hy het reg gepraat. ³⁶. Jesus het die mense belet om dit vir iemand anders te vertel, maar hoe meer Hy hulle belet het, hoe meer het hulle dit verkondig. ³⁷. Hulle is geweldig aangegryp en het gesê: "Alles wat Hy doen, is goed: die dowes laat Hy hoor en die stommes laat Hy praat."

Liewe gemeente,

Wat dink jy van hierdie storie? Lees dit weer. Pla iets vir jou? Ek moet eerlik waar sê dat daar 'n hele paar dinge is wat my pla. Die feit dat Jesus sug voordat hy die man genees. Die vingers in die ore en spoeg op die tong. Die verbod om vir ander te vertel.

Kom ek begin by die verbod. Alreeds in Markus 1 gebeur daar iets soortgelyks, waar Jesus iemand genees, en dan uitdruklik sê: Moet vir niemand niks hiervan vertel nie!

Dit gebeur weer in hoofstuk 8 wanneer Petrus bely: U is die Christus, die seun van die lewende God. "Moet vir niemand sê nie" beveel Jesus.

Hoekom nie? Die episode in hoofstuk een gee alreeds 'n gedeeltelike antwoord op die vraag. Die mense het nié stil gebly nie, en Jesus moes toe uiteindelik die gebied verlaat. Hy het nie meer 'n kans gekry om te preek nie, omdat die mense hom met siekes toegesak het wat hy moes genees.

Maar dit maak mos nie sin nie? Gee Jesus dan nie om vir siek mense nie? Is siekes vir hom 'n las? Iemand soos Hy, wat net 'n woord hoef te sê, en die siekte is genees, kan dit mos nie as 'n las beskou nie?

Gou wil ek 'n ander storie vertel. My swaer is iemand met baie geduld, en oorspronklikheid om elektroniese dinge te herstel. Op 'n konferensie sit die

biskop uit Windhoek langs my. Sy rekenaar se skerm is amper heeltemal losgebreek. Toe hy dit by 'n agent wil laat herstel het dié net gelag: Dis te oud, en al sou ons die parte kry, sou dit te duur wees om die moeite werd te wees, was die reaksie. Ek raai hom toe aan om my swaer in Windhoek te vra of dié kan help.

So 'n week later kom die terugvoer: Dankie vir die wenk! Die skerm is weer vas - dit lyk nou wel nie professioneel nie, maar ek kan die rekenaar weer gebruik! Hy het niks daarvoor gevra nie!

Toe ek my swaer bedank, was sy antwoord: Moet dit nie weer doen nie! Moenie weer iemand na my toe stuur nie! Ek ken my swaer - hy kan nie nee sê vir só 'n uitdaging nie, maar terselfdertyd het hy beter dinge om te doen as om rekenaars van ander te herstel. Hy het gehelp - maar met 'n sug! Jesus kan genees. En hy gee om vir siek mense. Maar hy weet dat as hy nie oppas nie, hy glad nie meer by sy eintlike taak sal uitkom nie.

Wat is dan die eintlike taak van Jesus?

Ook daar gee Markus vir ons 'n antwoord, wanneer hy in Vers 1 van sy evangelie sê: "Dit is die begin van die evangelie van Jesus Christus!"

Om siekes te genees is deel daarvan - maar slegs 'n deel!

Wat help dit as alle mense fisies gesond is, maar geestelik kruppel?

Weer en weer maak Jesus dit duidelik dat die groter genesing is wanneer hy vir 'n mens sê: Jou sondes is vergewe!

Om 'n beeldspraak te gebruik: Mense, wie se ore toe is, sodat hulle nie God se goeie stem kan hoor nie, het gewoonlik ook 'n "spraakprobleem". Vat nou maar ons land: Wanneer God se maatstawwe van omgee, mekaar help, geïgnoreer word, is die pad na selfsug, bedrog en korrupsie nie meer lank nie. Toe ons in die ou Suidafrika die gebod van naasteliefde in rassegroepe ingedeel en selektief toegepas het, was die spraak wat uitgekom het wantroue, agterdog en haat. En nou beleef ons dieselfde weer.

Jesus weet dat hierdie nie 'n fisiese siekte is nie, maar 'n uitvloeisel van 'n gebroke verhouding met God. Die grootste deel van sy bediening het hy daaraan gewy om die mense uit te nooi om die goeie Vader in die Hemel te ontdek en na hom toe terug te kom.

En dan is daar ook nog die ander kwessie - die dood! Selfs die gesondste mens op aarde moet eendag sterwe. Die dood is die sterkste teken van 'n

gevalle, gebroke wêreld Jesus wou hierdie dood oorwin. Dit was die einddoel van sy sending: Met die oorwinning van die dood is ook die sonde se mag gebreek. Dit is Jesus se groot doel: om uiteindelik God en mens weer bymekaar te bring - vir altyd! Maar hy weet dat die mense so oorweldig sal wees as hy siekes genees, dat hulle die groter wonder nie gaan raak sien nie.

Daarom sug hy - hy wil help, hy is lief vir die stomme man, maar hy weet hoe maklik dit verkeerd verstaan kan word. Daarom beveel hy dat niemand daarvan moet hoor nie. Want daar is 'n belangriker boodskap wat verkondig moet word!

Hierdie boodskap hoor ons dan in die laaste hoofstuk van die Markusevangelie. "Jesus het opgestaan. Hy leef! Hy sal voor julle uitgaan. Julle sal hom sien!" Jesus het sy sending voltooi. Nou kom die opdrag, nie om te swyg nie, maar om te gaan en vir die dissipels, vir die ander te vertel. Maar dan volg 'n eienaardige sin, wat ons net by Markus vind: die vroue het van daar gevlug en vir niemand niks gesê nie, want hulle was verskrik. Wanneer Jesus sê: Moenie vertel dat ek jou genees het nie, kan die mense nie stil bly nie. Maar wanneer die opdrag kom om te vertel dat die grootste genesing sedert die skepping gebeur het is daar tjoepse stilte. In Markus een is die bevel: Sê vir niemand niks nie. In Markus sestien hoor ons dat die vroue ten spyte van die bevel vir niemand niks sê nie!

Dit, liewe gemeente, is altyd weer die dilemma van die kerk. Ons praat oor allerhande dinge, maar ons vind dit uiters moeilik om oor die belangrikste van alles te praat: Dat Jesus die grootste geneser en verlosser van alle tye is. Dat hy my sondes vergewe, my krag gee om verhoudings in orde te bring.

Dis vir ons makliker om daaroor te praat as ons bewaring beleef het, of iemand gesond geword het. Maar om te vertel dat die verlosser leef en omgee - daar sê ons al te maklik niks vir niemand nie!

Hierdie verhaal staan in die Middel van die Markusevangelie. Dit eindig met die stelling dat die mense bo alle mate verbaas was, want Jesus het alles goed gedoen - dowes kon weer hoor en stommes praat.

Dit is wat ons as Christene deesdae weer nodig het: Dat Jesus ons ore aanraak, sodat ons weer kan hoor wat ons moet hoor: sy boodskap oor hoe ons as Christene behoort op te tree, sy belofte van liefde en vergifnis, sy boodskap van die grootste wonder van alle tye, waaraan ons kan deelhê.

As ons daardie boodskap weer gehoor het, het ons ook nodig, dat die Here ons tonge aanraak, sodat ons spraakprobleem kan oorkom word. Ons het nodig dat hy ons vry maak om weer "duidelik te praat" - om die evangelie te verkondig en dit nie vir onself te hou nie!

Liewe gemeente, Jesus het wonderlike dinge wat hy wil doen. Om mense te genees is soms deel daarvan - maar sy sending is baie groter en omvattender as dit. Hy wil "alles goed doen" - die gebroke skepping en mensdom weer met die Vader verenig.

Die ander lesing vandag is die bekering van die Apostel Paulus in Handeling 9.

Jesus kon hierdie vervolger van die Christene maar net met 'n donderslag tot ander insig laat gekom het. Maar dit was nie genoeg nie. Hierdie einste Paulus wou hy gebruik - nadat sy ore oopgegaan het - om dan die evangelie uit te dra na alle volke toe. Hy het nie net sy ore oopgemaak om Christus se stem te hoor nie, maar ook sy tong aangeraak, sodat Paulus die grootste sendeling van die vroeë kerk kon word.

Liewe broer en suster, ek nooi jou uit om saam met my te bid: Here, raak my ore aan, sodat ek weer goed kan hoor - U stem, U liefde, U boodskap wat lewe vir my bring.

Maar raak dan ook asseblief my tong aan, sodat ek met vrymoedigheid en duidelik hierdie boodskap aan ander kan uitdra. Ek wil nie meer vir niemand niks sê nie, maar deel wees van die span wat nie ophou om vir ander te vertel nie!

Amen

Horst Müller, Biskop, ELKSA(NT) epos: hmuller@elcsant.org.za